~~Psalm~~ Gesg. 10: 1, 3. **Xtus, die arbeid en die Rus** | A/Kp 29 Nov. '59
Ges. 76: 1 – 4
Ges. 75: 1, 4

Joh. 9: 1–7, 1 Kor. 10: 23 – 33.

1 Kor. 10: 31 – Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God.

Dis die laaste Sondag v.d. laaste kwartaal v.d. jaar. Vir duisendes in ons land bring hd. komende week d. afsluiting van hulle werk vir hd. jaar en 'n tyd van welverdiende rus; vir nog duisendes bring dit die mete van nog een maand arbeid – en dan 'n ander jr. werk!

Onwillekeurig kyk 'n mens in so 'n tyd terug en vra: wat is die vrug van my arbeid? 'n Jaar lank gewerk, geswoeg, gesweet, verdien: is ek tevrede? Was dit die moeite werd? En as Christen moet ek vra: Is God tevrede? Was dit in sy oog die moeite werd?

Om hd. vr. te kan antwoord moet ons eers weet: hoe sien God d. arbeid v.d. mens? Watter lig laat d. Bybel val op die mens se dagtaak en werk? En wat van al die probleme wat saamhang met die arbeid: verdienste en loon; verhouding werkgewer & werknemer; produksie en distribusie, vakbonde, werksvoorwaardes, stakings, belegging & verdeling van winste – het Gods Woord enigiets te sê oor hd. dinge? En as Gods Wd. iets het om te sê – wil ons as Xtene weet wat dit is wat God wil sê? En bied dit antwd. vir d. vrae waarmee ons worstel?

I. **Die Doel van God met d. Arbeid v.d. Mens:** Ons wil dadelik beklemtoon dat die Wd. van God al die grondwaarhede bevat wat nodig is om d. mens koers & rigting te gee i.v.m. sy arbeid. Reeds in Gen. 3: 19, net na d. sondeval sê God a.d. man: "In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet" Gewoonlik word hd. uitspraak opgevat as 'n oordeel oor d. mens as gevolg v sy verbreking v.

Gods gebod: daarom kry baie mense hiervan af dat God hier 'n vloek op d. arbeid lê, dat d. mens sy werk moet sien as 'n las, 'n struikelblok, 'n smart. Dis nie wat God bedoel het nie: God wou alleen a.d. mens duidelik maak dat sonde sy arbeid tot 'n vloek kan maak, nr. dat God dit gegee het as bron van seën en geluk. Daarom ook die gebod van God tot d. arbeid: „Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen". Arbeid behoort dus nooit 'n vloek te wees nie, maar 'n seën. Nr. die mens maak dit nie by tot 'n vloek deur nie te verstaan waarom God d. Skepping so ingestel het dat d. mens moet werk nie.

Die meeste mense gaan dan ook uit v.d. veronderstelling dat die hoogste doel van alle arbeid is om geld te verdien, om loon te ontvang, om 'n hoë inkomste te verkry. Hulle sien alle werk deur v.d. bril van Keuse, harde, materialisme — ook hulle opvatting van wat „geluk" is, verbind hulle altyd eerste aan loon. Die gelukkige man is dan in hulle oë die suksesvolle man — veral suksesvol om 'n groot inkomste te verseker.

Die Bybel sien d. hele saak anders: wil ons leer dat d. hoofdeel v.d. mens, ook in sy arbeid, moet wees die verheerliking van God en die diens aan ons medemens. Want waar ons God as Skepper verheerlik in ons arbeid, daar sal ons sy skepsel, ons naaste, erken. Daarom het God altyd bedoel dat d. oorspronklike sin van ons arbeid en beroep moet wees dat elke mens a.d. gemeenskap gee wat hy kan gee en daarvoor ontvang soveel as hy nodig het. En al wat hy minder gee as wat hy instaat is, en meer ontvang as wat hy geregtig is, is nie tot eer van God en nie tot seën vir homself of sy naaste nie!

Die persoon wat uit ons hd. waarheid op sy volmaakste ge-illustreer het, was J.K. self:

Joh. 5:17 – My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook
Joh. 9:4 – Ek moet die werke doen van Hom wat My gestuur het, solank as dit dag is; die nag kom wanneer niemand kan werk nie
Joh. 17:4 – Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring.
Joh. 19:30 – Dit is volbring!

het een wat dit i/d volste sin v.d. wd. kan sê: „Dit is volbring." In die mate wat ons ook een dag kan sê: „~~Dit is volbring~~" „Ek het alles gedoen tot verheerliking van God" sal ek ook kan sê: „Dit is volbring".

II Die Deel van God met ons Rus: Nr. Gods wd. het ook 'n baie duid. en defin. antwoord i.v.m. die mens se ontspanning, sy rus na arbeid, sy pret & plesier: ons teksvers sluit dit in in die woorde: „Of julle dan eet of drink" dus. ook in julle ontspanning & rus moet die hoofdoel v.d. mens wees: die verheerliking van God. Daarom erken en eis God ook dat ontspanning daar moet wees: in die gebod om d. arbeid lê ook d. gebod om rus: „Nr. die 7e dag moet jy rus". ~~Ons~~ God wou d. mens leer dat in ons lewe daar 'n godd. ritme is van werk & rus (vide die natuur – ~~seisoene~~ dag & nag, somer & winter) Ook d. mens se gees ~~en~~ liggaam moet gehoorsaam wees aan hd. godd. ritme van inspan & ontspan. Daarom Xtus se wd. a.d. dis's na uitsending v.d. 12 op inspann. taak: „Kom apart na 'n verlate plek & rus 'n bietjie". Hyself d. geheim in al sy volheid geken: volle stroom van arbeids-diens — volmaakte rus!

→ Xtus & ons rus:

→ Hoe nodig d. mens van ons dag, veral d. Westerse mens, dit het om hd. waarheid [?] laank & aandagtig te oordenk! Adak.: Meer vrye tyd tot ons beskikking as ooit vantevore, meer gerieme en gemak as enige vorige beskawing, ongekende fasiliteite om te ontspan. Adak: Meer siekte as ooit, senu- en sielsiekte - inrigtings oorval, oorspanne senuwees, gejaagde lewes, oorval programme, onafgehandelde werk, onbevredigde gewetens, — as bewys: die mens is radeloos met sy rus! \ Inhoudlose vorms van ontspanning

Waarom? ① Die mens verstaan nie: Tensy ons ons werk reg het, kan ons nooit ons rus geniet!
② Die mens maak nie net d. sondige uit sy ontspanning haal nie, m. ook d. doellose: moet eerstens vra: Is dit die hoogste uitdr. wat ek in my ontspanning kan kom? Bereik dit sy doel: om God te verheerlik? Om my fris en sterk te maak vir my taak?

Teets u onthaal van u vriende, u vakansie program, u partytjie vir u kinders: voldoen dit hiraan? Hoogste bereik?

Wat nodig? Xtus ken as Here erken:
a) Alle arbeid eenbaar arbeid
① Van ons arbeid: A) Xtum nodig wat verstaan & begryp: Xtus kan & moet Here wees v. my besigheid, my bedryf, my werk!
B) Vakunies stig wat uit & uit Xtlik is — ernstig besin: watter beginsels v. d. Wd toegepas in alle arbeidsverhandelinge taal, Kerk as organisasie (getuienis) [?] wit-blanke
② Van ons rus:

Dan eers mag ons bid:
Ps. 90:17 — En laat d. lieflikheid v. d. Here onse God oor ons wees, en bevestig die werk van ons hande oor ons, ja, die werk van ons hande, bevestig dit!"